# Die doel van heiligmaking:
# Wat sou Jesus doen?

**(Joh 17:1-3)** Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk en gesê: “Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

**(Joh 17:4-6)** Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen. Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het. “Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord ter harte geneem.

**(Joh 17:7-9)** Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom; want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek waarlik van U gekom het, en hulle het geglo dat U My gestuur het. “Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.

**(Joh 17:10-11)** Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. “Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.

**(Joh 17:12-13)** Toe Ek by hulle was, het Ek hulle in u Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word. “Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap in al sy volheid in hulle kan hê.

**(Joh 17:14-17)** Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar. Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

**(Joh 17:18-21)** Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur; en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees. “Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U,

**(Joh 17:22-23)** dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.

**(Joh 17:3)** En dit is die ewige lewe: **dat hulle U ken**, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

**(Joh 17:4)** Ek het U op die aarde verheerlik **deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen**.

**(Kol 3:10)** en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,

**(Efe 4:13)** totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;

(**Joh 17:16-17)** Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

**(Joh 17:22)** En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.

# Wat ons kort vir die missie.

1. Heiligheid.
2. Eenheid.

**(Joh 17:18)** Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.

**(Joh 20:21)** Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.

**(Lukas 19:10)** Want die Seun van die mens het gekom om **te soek** en **te red** wie verlore is.

**(Joh 17:20)** Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, **maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo.**

# Wat het Jesus gedoen?

1. Hy het gekom om die wat verlore is te soek en te red.

**(Mark 1:17)** En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, **en Ek sal maak dat julle vissers van mense word**.

**(Joh 17:18)** Soos U my gestuur het in die wêreld, **het Ek ook hulle in die wêreld gestuur**.

# Wat het Jesus gedoen?

1. Jesus het gekom om die wat verlore is te soek en te red.
2. Jesus het dissipels gemaak wat dissipels gemaak het.

# UNTIL NEXT TIME

GO BE A WITNESS AND A LIGHT FOR OUR LORD